

Mediaverklaring

Afrikaanse skole mag hul eie taalbeleid bepaal en toepas

2019-05-10

Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) het hoofde Vrydag tydens 'n hoofde-ontbyt in Johannesburg ingelig oor die implikasies van nuwe toelatingsregulasies aan Gautengse skole. Die aanlyn-toelatingsplatform maak Maandag om 08:00 oop.

Tydens die ontbyt het adv. Albert Lamey hoofde toegesprek oor hul regte met betrekking tot taalbeleid, voedersones en kapasiteitsbepaling van skole. Lamey het die Hoërskool Overvaal verteenwoordig in die hofsaak teen die Gautengse Departement van Onderwys, toe die departement die skool wou dwing om 55 Engelse leerders in te neem. Die hof het in die skool se guns bevind.

Lamey benadruk dat skole die reg het om hul eie taalbeleid te bepaal en toe te pas.

“Die grondwet maak voorsiening vir moedertaalonderrig, waar dit prakties uitvoerbaar is. Die nuwe regulasies maak nêrens verwysing na die taalbeleid van 'n skool nie, maar die Nasionale Norme en Standaard vir taalbeleid vereis dat 'n leerder sy taal van onderrig aandui, wanneer hy aansoek doen by 'n bepaalde skool,” sê Lamey. “Waar 'n skool die taal gebruik wat die leerder gekies het en daar plek in die betrokke graad beskikbaar is, moet die skool die leerder aanvaar.”

Hy sê skole diskrimineer nie teen kinders indien hulle 'n taalbeleid, selfs 'n enkel-medium beleid, toepas nie. “Volgens my is dit net diskriminasie indien 'n skool 'n leerder weier indien die leerder 'n ander huistaal het as die skool se taal van onderrig, maar bereid is om in die skool se taal van onderrig skool te gaan,” sê Lamey. “Indien skole probleme met die aanlynstelsel ondervind wat betref taal van onderrig, moet hulle dit onmiddellik met die departement opneem. Dit is my mening dat die skool die reg sal hê om daarop aan te dring dat die skool se taalbeleid dienooreenkomstig toegepas word tydens die plasing van leerders.”

Lamey sê 'n skool se taalbeleid kom ook ter sprake wanneer 'n skool se voedersone bepaal word. Waar 'n bepaalde Gautengse distrik 10 Engelse skole en twee enkelmedium Afrikaanse skole het, sal Afrikaanse skole se voedersones groter moet strek as Engelse skole wat op 'n kleiner area die skool se kapasiteit kan vul.

Volgens Lamey bevat nuwe regulasies boonop 'n aantal absurditeite wat die rangorde van voorkeurplasing aan skole betref. Volgens die nuwe regulasies sal leerders wat die naaste aan die skool woon eerste geplaas word, daarna leerders wat broers of susters in die skool het en dan leerders wie se ouers die naaste aan die skool werk. Vorige regulasies het voorkeur gegee aan leerders gegee het wie se ouers binne die voedersones van skole woon óf werk.



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

Ouers en skole wat klagtes het tydens die aansoekproses kan die SOS kontak by toelatings@skole.co.za



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

